# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

## Augustus 2023



# LIG VIR DIE NASIES

***Muapula***

LICHTENBURG KLIPKERK

# *Muapula Feesviering 2023*

***~ Gerard Olivier***

Die onlangse besoek aan Muapula om dertig jaar van die Here se genade oor die bediening in Niassa, asook die Bybels wat nou in Makhua Shirima beskikbaar is te vier, was ’n wonderlike belewenis en groot sukses!!

Dertien van ons (vyf van VSA, een van Lichtenburg, een van Maputo en ses van Port Elizabeth) het rondom Maandag 26 Junie begin reis Muapula toe. Teen die naweek van die feesvieringe het nege sendinggesinne van oor die hele Niassa ook gekom. Saam met drie helpers van YWAM was daar, dink ek, omtrent veertig besoekers. Dit het natuurlik vir Frits en Niekie-hulle onder baie druk geplaas met kos, logistiek, infrastruktuur en dies meer, maar hulle het ’n absoluut uitmuntende werk gedoen van alles.

Daar is hopeloos te veel hoogtepunte om almal te noem en dis nie net sommer ’n stelling dat die hele besoek self ’n hoogtepunt was nie. Vir my persoonlik was een baie groot hoogtepunt toe Domingos en Raimundo die Saterdag voor om en by 400 mense vreesloos gepreek het. Hulle het hulle getuienisse gelewer, maar dit was uiteindelik maar bekeringspreke. Baie van die tradisionele leierskap van die omgewing (hoofmanne ens.) was ook daar en van hulle is eintlik maar baie vyandig teenoor mense soos Raimundo en die boodskap van die kerkie daar. Om dus hierdie twee manne vreesloos voor almal (insluitende vyande) te sien en hoor preek was onvergeetlik.

Ons kyk terug na ’n wonderlike besoek wat ek en ander direk ook toeskryf aan so baie mense wat gebid het vir elke aspek van die besoek – van die reise, gesondheid, families tuis tot voorsiening en seën en dat die Here sal bereik wat Hy wil bereik hierdeur. Van ons kant af aan elkeen wat hiervoor getrou gebid het net ’n diep, opregte dankie!





# *Muapula Feesviering*

***~ vervolg***



Die vrouens het die Saterdag voor die skare mense onder andere ook ʼn wonderlike drama gedoen waar hulle die verborge skat in Matteus 13 uitgebeeld het as die ontdekking van die Bybel waar hulle alles gaan verkoop om daardie "landjie" te gaan koop. Ek dink nie die Makhuas gaan baie gou daardie visuele uitbeelding van die waarde van die Bybel vergeet nie.

Dit was ook kosbaar om mense wat so lank gebid en gegee het vir die Makhua Bybelvertaling te neem na waar die 6 ton Bybels gestoor word in die fabriek en foto's te kon neem van waar van die besoekers ʼn boks Bybels vashou in die stoorkamer.

Die Sondag was daar ook ʼn baie besonderse kerkdiens en nagmaal gewees. Deur die loop van die week het ons die besoekers geneem na verskillende gelowiges se huisies waar hulle hul getuienisse gedeel het met die besoekers – vir baie ook ʼn groot hoogtepunt!

Ons kan God dank en bid:

- ***Vir die wonderlike eenheid en dinamika asook "fellowship" wat beleef is.***
- ***Vir die opmerklike groei van die gelowiges in Muapula. Ons bid vir die fantastiese goeie saad wat gesaai is met die getuienisse en dramas en liedere voor so baie heidene – dat dit `n wonderlike oes mag oplewer.***
- ***Mens kan nooit genoeg bid vir hierdie kosbare kerkie op Muapula en hulle leierskap nie. Vir hulle beskerming – fisies en geestelik en hulle groei.***
- ***Ons MOET voortgaan om te bid vir die kritieke belangrike nood om mense op te lei in die Bybel in Niassa. Meer as ooit is ek/ons oortuig dis wat nou SO NODIG is!***



## *Muapula* ~ *vervolg*

Laas jaar het ek en die studente saamgesit rondom ’n groot kaart van Niassa Provinsie en hulle het name gegee van en plekke/dorpies aangedui op die kaart waar dit min of meer is. Dit is plekke waar daar volgens hulle definitief Makhua Shirima mense woon. Die punt is egter dat niemand weet wat die geestelike situasie daar is nie – is daar Christene, is daar ’n kerkie, ens? Die studente het gesamentlik byna veertig sulke dorpies ingeskryf op die kaart.

Ons het laas jaar besluit ons sal graag van tyd tot tyd dat twee of drie van Muapula se kerkie met motorfietse of taxi’s die plekkies gaan besoek. Ek het weer met van die mans op Muapula vergader nou tydens die Junie besoek en hulle het toe besluit om te mik om Augustus die eerste “uitreik” verkenningsbesoek te doen.

Domingos het my laat weet hulle vergader om te bid en te besluit watter plekke hulle eerste wil probeer besoek. Hy het namens hulle voorbidding gevra daarvoor. Bid vir die Here se leiding hierin asb.

MENS KAN NOOIT GENOEG VIR HIERDIE UITREIK EN VIR DIE JONG KERKIE OP MUAPULA BID NIE.

Domingos vra ook gebed vir sy uitreike naby Muapula Sondae – hy het ’n groepie gelowiges waar hy elke tweede Sondag nou ’n diens wil by gaan hou. Dis wonderlike nuus dat daar nou op ander plekke ook uitgereik word. Bid asb. baie vir hom en die ander.

Laaste gebedsversoek: Ons wil baie graag die Ou-Testament ook op klank opneem. Bid asb dat die Here ook hier ’n deur sal oopmaak.

Dankie vir al jul gebede!
Gerard.







Bid vir Domingos en Raimundo, asook die ander Bybelstudente wat, nadat hulle in Muapula kragtig getuienis gelewer het, ook ‘op pad’ na ander omliggende dorpies die Evangelie verkondig.

*Nadat Petrus en Johannes kragtig getuienis gelewer en die woord van die Here in Samaria verkondig het, het hulle na Jerusalem toe teruggegaan. Op pad het hulle die Evangelie ook in baie Samaritaanse dorpies verkondig.*

HANDELINGE 8:25 (NLV)